*Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.*

# Nuusweek

Nommer 76, Jaargang 2 24 Julie 2026 www.pretoriafm.co.za

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe



# RAMAPHOSA HOOR VANDAG

Rentekoerse: Bietjie goeie nuus 02
Jagluiperds in Zambië hervestig 07
Nie nodig om boorgat te registreer 08
Vliegtuig ná 74 jaar gevind 10

THERON'S

DIS BOEREWORS BONANZA TYD by DIE-WIP-IN-JOU-WORS MENSE

SPAAR JOU RANDE vir Vrydag 31 Julie & Saterdag 1 Aug 2026!







R280.00 per 4kg THERON`S BEROEMDE BOEREWORS

Betaal slegs R70.00 per kg vir Theron`s se BEROEMDE BOEREWORS! VARS VERVAARDIG, LOS VERPAK.
(Prys slegs geldig op 4kg verpakkings.) AANLYN BESTELLINGS oop vanaf 27 – 30 Julie 2026. (Sluit stiptelik om 12h00.)
185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes WHATSAPP +27760770437

# Ramaphosa wil oorleef – al is dit teen landsbelang



President Cyril Ramaphosa

*Redaksie*

Die Wes-Kaapse Hooggeregshof sal vandag uitspraak lewer in president Cyril Ramaphosa se dringende aansoek om die parlement se artikel 89-ontheffings-proses te staak. Ramaphosa wil hê dat die komitee se werk opgeskort moet word terwyl hy die onafhanklike paneel se bevindings oor die Phala Phala-skandaal op hersiening neem. Dié komitee is aangestel ná 'n beslissing van die Konstitusionele Hof in Mei dat 'n besluit van die Nasionale Vergadering om nié 'n onafhanklike paneelverslag oor die Phala Phala-saak te aanvaar nie, ongeldig en ongrondwetlik was.

Ramaphosa se regspan het aangevoer aan dat dit onregverdig sou wees om die ontheffingsproses te laat voortgaan alvorens die hersieningsaansoek aange-hoor is.



Dr. Llewelyn Curlewis

Dr. Llewelyn Curlewis, 'n regskenner verbonde aan die Universiteit van Pretoria, sê Ramaphosa se aansoek is niks anders as 'n vertragingstegniek om moontlike aanspreeklikheid te ontkom nie.

"Enige ander individu in Suid-Afrika wat in besit gevind is van die bedrag buite-landse valuta wat in die staatspresident se indirekte besit gevind was, sou lankal voor 'n geregshof gebring gewees het om op aanklagte van allerhande statutêre oortredings te antwoord. Vanuit die staanspoor het die ANC als in hul vermoë gedoen om hul opperleier te beskerm, ten spyte van die donker wolke van suspisie wat die rondte doen."

Curlewis sê Ramaphosa behoort hom uit eie beweging beskikbaar te stel om te getuig en die potensiële klad op sy naam uit die weg te ruim.

"Deur hierdie aansoek te loods, het hy definitief nie sy reputasie probeer "red" soos hy beweer nie. Allermins, dit is goedkoop politiek om bloot uitsteltyd te koop ten einde sy ampstermyn te probeer voltooi. Die ANC kan nie nou polities bekostig om in 'n verdere leierskapskrisis gedompel te word as 'n vakature ontstaan voor die komende plaaslike en algemene verkiesing nie. Dit is na my mening 'n geval van die president wat moet veg of vlug – oorlewing ten alle koste, al is dit teen landsbelang en vir eie of kaderbelange."

Intussen verskil politieke partye op die parlement se artikel 89-vervolgings-komitee oor of president Cyril Ramaphosa verplig moet word om mondelinge getuienis in die Phala Phala-ondersoek te lewer. Die MK-party meen Ramaphosa moet eerste getuig, terwyl die ANC sê die komitee moet eers die verslae van ander ondersoeke oorweeg om te bepaal of 'n volledige ondersoek nodig is.

Die PA voer aan dat die president nie gedwing kan word om te getuig nie, terwyl die EFF sê die regsposisie oor dié kwessie is reeds deur die howe bevestig. Die komitee sal volgende week weer vergader. **N**

# Rentekoerse: Bietjie goeie nuus

*Seugnet van Zyl*

Suid-Afrikaners met 'n huislening, skuld op 'n motor, 'n kredietkaart wat in die rooi is of 'n tjekrekening wat oortrokke is, kan 'n sug van verligting slaak omdat die rentekoers nie styg nie.

Lesetja Kganyago, goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, het Donderdagmiddag aangekondig dat die Monitêrebeleidskomitee besluit het om nie die rentekoers in die tweede helfte van die jaar te verhoog nie.

"Dié komitee het besluit om die rentekoers onveranderd op 7% te hou. Vier lede het besluit om dit onveranderd te hou, terwyl twee 'n styging van 25 basispunte ondersteun het. Die komitee se besluit is gepas vir die huidige klimaat, met tariewe wat ietwat beperkend is."

Kganyago verduidelik dat verwagtinge oor inflasie en brandstofpryse deur die komitee in berekening gebring is by die besluit om nie die rentekoers te verhoog nie.

Kganyago sê die voorspellings van die Reserwebank se kwartaalprojeksiemodel



Lesetja Kganyago

toon dat die rentekoers vir die res van die jaar oor die algemeen stabiel sal bly.

"Die model wys besnoeiings later in die voorspelling wanneer inflasie tot 3% daal en koerse na neutrale vlakke aanpas."

Volgens Kganyago het hierdie jaar met goeie momentum begin, maar huishoudings het weens hoë brandstofpryse gely, terwyl onsekerheid beleggings beïnvloed het.

"Dit word ook al hoe duideliker dat munisipale wanfunksionering 'n beperk-ende faktor vir groei geword het. Met binnelandse hervormings en stabilisasie van wêreldtoestande dink ons dat die ekonomie weer groei sal kan begin toon. Ons basiese voorspelling is dat die ekonomie in die tweede helfte van hierdie jaar sal begin herstel, namate die skok versag. Maar die vooruitsig is onseker."

*Na bladsy 3*

## Rentekoers: Goeie nuus vir verbruikers (vervolg)

*Van bladsy 2*

Ekonome het verwag dat die rentekoers sou verhoog, veral weens stygende oliepryse te midde van die konflik tussen die VSA en Iran en die stygende inflasiekoers.

Waldo Krugell, 'n professor in Ekonomie aan die Noordwes Universiteit, sê die onveranderde rentekoers is goeie nuus vir verbruikers.

"Verbruikers trek oor die algemeen swaar. 'n Rentekoersverhoging sou 'n harde hou gewees het."

Ulrich Joubert, 'n onafhanklike ekonoom, sê die Reserwebank het die regte besluit geneem om nie die rentekoers te verhoog nie.

"Ons geldeenheid is pap en ons werkloosheid is baie hoog. Die onveranderde rentekoers is slegte nuus vir mense wat aangewese is op rente vir hulle inkomste en mense wat hul geld in die geldmark belê het. As die rentekoerse styg, verhoog hul inkomste." Maar vir diegene met skuld, is 'n onveranderde rentekoers volgens Joubert baie welkom.

Joubert sê die onveranderde rentekoers beteken dalk uiteindelik 'n meer stabiele ekonomie.

Volgens hom is daar wel 'n risiko dat 'n onstabiele internasionale omgewing later in die jaar tot 'n rentekoersverhoging kan lei. **N**

# VF Plus dien petisie oor Landbank in

*Redaksie*

Die VF Plus het 'n formele petisie aan die voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies (NRP) en die betrokke gekose komitees oorhandig rakende die Land- en Landbou-ontwikkelingsbank van Suid-Afrika (Landbank) se omstrede skuldinvorderingspraktyke.

Kobus van den Berg, VF Plus-LP en lid van die gekose komitee oor Landbou, Grondhervorming en Minerale Bronne het die petisie ingedien.
Van den Berg sê dit is gedoen namens sowat 150 kommersiële boere en boerdery-entiteite wat deur likwidasies en beslagleggings in die gesig gestaar word.

"Die boere voer aan dat die Landbank nie die reg ingevolge die reg (locus standi) daarvoor het nie aangesien daar geen direkte leningsooreenkomste met hulle bestaan nie en die sessies van skuld van koöperasies soos Suidwes Landbou, GWK en Unigro na die bank ongeldig of onafdwingbaar is."


*Kobus van den Berg*

Van den Berg sê baie boere word geruïneer deur aggressiewe likwidasies, onderwaardeerde plaasverkope en die bank se eie foute soos oor-lening en stadige prosesse.
"Dit bedreig nie net individuele boere nie, maar ook voedselsekerheid en die landelike ekonomie."

Die petisie versoek onder meer 'n dringende gesamentlike ondersoek, 'n moratorium op verdere beslagleggings en aanbevelings vir beter toesighouding en regverdige herstelpraktyke. **N**

# Motsepe mik nie vir presidentspos

*Redaksie*

Die mynmagnaat en president van die Konfederasie van Afrika-sokker (CAF), Patrice Motsepe, sê hy het geen planne om die Suid-Afrikaanse politiek te betree of hom as president verkiesbaar te stel nie.


*Patrice Motsepe*

Spekulasie het die afgelope tyd toegeneem dat hy president Cyril Ramaphosa ná 2029 kan opvolg.

Motsepe sê Suid-Afrika het reeds baie bekwame leiers en dat hy nie 'n politieke toekoms nastreef nie.

Hy het ook ontken dat hy belangstel om FIFA-president te word en sê sy fokus bly op sy rol by CAF, waar sy termyn tot 2029 duur.

Motsepe se naam is al herhaaldelik as moontlike presidentskandidaat genoem.

Spekulasie oor Motsepe se moontlike ambisies om Ramaphosa op te volg, het vroeër vanjaar opgevlam toe berigte oor 'n "PM27"-veldtog die rondte begin doen het. Motsepe het egter toe ook ontken dat hy agter die veldtog sit. **N**



# Mnisi terug in die tuig




Gareth Mnisi

*Redaksie*

Die Tshwane-metro se omstrede finansiële hoof, Gareth Mnisi, het amptelik na sy pos teruggekeer nadat hy 'n finale skriftelike waarskuwing ontvang het.

Mnisi is vroeër geskors nadat hy tydens die Madlanga-kommissie met bewerings van tendermanipulasie en die uitlek van vertroulike inligting verbind is.

'n Forensiese ondersoek het egter geen bewyse van wangedrag gevind nie, waarna die stadsraad die aantygings as minder ernstig geklassifiseer het.

Die DA sê egter in 'n verklaring dat Mnisi sy terugkeer maak terwyl geen dissiplinêre stappe teen hom al begin het nie.

“Mnisi se drie maande lange skorsing het verstryk, en burgemeester Nasiphi Moya het nagelaat om aan die Tshwane-raad aan te beveel dat sy skorsing verleng word. Optrede teen Mnisi is ontlok deur getuienis by die Madlanga-kommissie, insluitend aanduidings dat Mnisi sekuriteitstenders met verteenwoordigers van die ANC en die EFF bespreek het. 'n Forensiese ondersoek wat deur die Metro gelas is, het bevestig dat Mnisi sy finansiële belange vir twee opeenvolgende finansiële jare nie bekend gemaak het nie en ook nie sy verhouding met bieërs van die Metro verklaar het nie.”

Die DA sê verder dat die ANC en die EFF ten spyte van hierdie bevindings gestem het om die bewerings teen Mnisi as “minder ernstig” te klassifiseer.

“Indien hierdie besluit nie deur 'n hof omvergewerp word nie, sal dit Mnisi 'n sagte landing gee, selfs al word hy uiteindelik skuldig bevind. Ons glo dat Mnisi, anders as Johann Mettler (die Stadsbestuurder wat op aandrang van die EFF geskors is), se teenwoordigheid by die werkplek hom in 'n posisie plaas waar hy verdere wangedrag kan pleeg. Dit gee dringendheid aan die hersiening van die Mnisi-besluit deur die Gautengse Hooggeregshof.”

Die DA sê hulle sal ook 'n mosie voorberei vir die stadsraad om 'n verdere skorsing van Mnisi te oorweeg, hangende die finalisering van dissiplinêre stappe teen hom. **N**



# OBK: So lyk DA se wetsontwerp

*Redaksie*

Die DA sê hy is die afgelope twee jaar uitgesluit van pogings om hervormings by die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) deur te voer. Die party berei nou 'n wetsontwerp voor om die korporasie se bestuur te versterk en aanbevelings van die Mpati-kommissie, wat die OBK tussen 2015 en 2018 ondersoek het, in wetgewing te omskep.

Dit volg nadat die OBK se uitvoerende hoof en hoofbeleggingsbeampte onlangs geskors is te midde van bewerings deur 'n fluitjieblaser.

Die DA se woordvoerder oor Finansies, dr. Mark Burke, sê die wetsontwerp is daarop gemik om die pensioenfondse van meer as 'n miljoen staatsamptenare beter te beskerm. Die wetsontwerp bestaan uit die volgende punte:

- Die voorsitter sal nie meer 'n adjunkminister wees nie. Trouens, geen persoon wat 'n politieke amp beklee of in die drie jaar voor hul aanstelling 'n politieke amp beklee het, sal toegelaat word om as direkteur te dien nie.
- Die Staande Komitee op Finansies sal verantwoordelik wees vir die aanstelling van 'n keurkomitee vir die kortlys van nie-uitvoerende direkteure. Die paneel sal bestaan uit persone wat polities onafhanklik is en aangestel word op grond van meriete.
- Die keurkomitee sal verantwoordelik wees vir die voorstel van geskikte nie-uitvoerende direkteure aan die minister van Finansies, gebaseer op meriete en die vereiste vaardighede.
- Die minister mag 'n kandidaat-direkteur verwerp, maar mag nie 'n kandidaat aanstel wat nie deur die paneel voorgestel is nie.
- Die uitvoerende direkteure sal deur die Raad aangestel word, nie deur die minister nie.
- Die Raad sal sy eie voorsitter uit sy nie-uitvoerende lede verkies. **N**



dr. Mark Burke






# Theron`s Vleisprodukte IS GEWIS die IN-PLEK vir die GELD-SLIM verbruiker!

Sedert 13 November 2015 vier Pretorianers die goedheid en guns wat mildelik deur Theron's Vleisprodukte uitgedeel word. Theron's se tiende projek om hul onmiddelike gemeenskap van gehalte boerewors teen kosprys te voorsien - het die onderneming in die jaar 2015 vierkantig in die kollig geplaas.

Jy voel tuis die oomblik wat jy oor die drumpel van die bekende landmerk besigheid in Pretoria-Wes se fabriekswinkel stap. Boerewors connoiseurs het verseker hier 'n tuiskoms gevind.

Die gehalte van Theron's se boerewors, dekadente braairibbetjies, `n verskeidenheid kaasworsies, outydse 100% suiwer varkvleis toebroodjieham, en vele ander vleisprodukte is onmiskenbaar. Die GROOT BONUS is dat alle vleisprodukte DIREK AAN JAN PUBLIEK verskaf word teen WARE GROOTHANDEL PRYSE.

Die heel eerste Theron's Boerewors Bonanza is op Vrydag die 13de November 2015 aangebied en vier jaar later het die geliefde boereworskoning Mnr. Dawie Theron besluit om op aandrang van die publiek twee Boerewors Bonanzas aan te bied. Die jaar 2019 het in Mei-maand en weer in November-maand gesorg vir brandende vreugdevure!

Met die uitbreking van Covid-19 en die daaropvolgende inperkings het die span by Theron's Vleisprodukte weer gewys van watter staal hulle gemaak is. Diamante word onder druk geskep. Dit is dus geen wonder dat die inperkings verantwoordelik was vir Theron`s se heel eerste AANLYN-BOEREWORS-BONANZA in die jaar 2020 nie! `n Maklik navigeerbare aanlynbesteldiens is op die been gebring, en klante kon vinnig, flink en veilig hul geliefde Theron`s Vleisprodukte bestel en in die gemak van hul eie huis ontvang. Genoeg om enige lekkerbêk `n Wip-In-Die-Wors te besorg!

Die instapervaring bly vir Theron's en hul klante 'n lekkerte. Lojale klante van onder meer Tzaneen, Pietersburg, Nelspruit, Secunda, Roodepoort asook die Oos- en Wesrand ry om in die feestelike Boerewors Bonanzas te deel.

" `n Mens kan nie bestand wees teen 'n produk of maatskappy wat eg is nie. Elke werknemer by Theron's is trots op die rol wat hulle in vervaardiging, verpakking, en verspreiding speel. Elkeen staan vir die skep van gehalte en diens wat tasbaar na die eindverbruiker uitgeleef word," vertel Theron's se menslikehulpbronnebestuurder, Sonja-Liezel Theron.

Theron's Vleisprodukte is een van slegs 15 vleisverwerkingsaanlegte in Suid-Afrika wat aan die strengste voedselverwerkingsregulasies voldoen.







**VREUGDEVURE** brand oor Theron`s Vleisprodukte se **BEROEMDE BOEREWORS BONANZA** wat op **31 Julie en 1 Augustus 2026 vir die 32ste keer** in die geskiedenis van die landmerk besigheid in Pretoria-Wes aangebied word.





**Besoek Theron`s Vleisprodukte - 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria-Wes Tel: +27 12 3272327 /3200 /3938**

# Jagluiperds na Zambië verskuif

*Redaksie*

Ses jagluiperds is suksesvol van Suid-Afrika na Zambië verskuif in 'n poging om hierdie bedreigde spesie in die Groter Luangwa-ekostelsel te hervestig.

Die terugkeer van jagluiperds na die Groter Luangwa-ekostelsel ná meer as 30 jaar is die gevolg van meer as 'n dekade se beplanning en internasionale samewerking onder leiding van Zambië se Departement van Nasionale Parke en Wildlewe (DNPW). Die inisiatief word ondersteun deur 'n koalisie van bewaringsorganisasies, waaronder die Endangered Wildlife Trust, African Range-Wide Cheetah Conservation Initiative, Zoological Society of London, North Luangwa Conservation Programme, Frankfurt Zoological Society, Zambian Carnivore Programme en Conservation South Luangwa, met befondsing van die Howard G. Buffett Foundation.



Die jagluiperd (Acinonyx jubatus) was eens wyd verspreid oor groot dele van Afrika en suidwestelike Asië, maar het die afgelope eeu 'n dramatiese inkrimping in sy verspreidingsgebied beleef. Vandag kom die spesie slegs in 'n fraksie van sy historiese gebied voor, met die meeste oorblywende bevolkings in oostelike en suidelike Afrika.



Die internasionale jagluiperdgetalle word op ongeveer 6 500 volwasse individue geskat, met bevolkings wat steeds afneem. Die spesie word as kwesbaar (vulnerable) op die IUCN Rooilys van Bedreigde Spesies geklassifiseer weens sy relatief klein bevolking en voortdurende druk op habitat en prooi-beskikbaarheid. Oor die afgelope 15 jaar het die getalle met ongeveer 37% afgeneem.

Suidelike Afrika bly een van die jagluiperd se belangrikste bastions, met die spesie se verspreiding wat strek van Angola en Mosambiek tot Suid-Afrika en Malawi. Selfs binne hierdie streek ondervind bevolkings egter voortdurende afnames. In Suid-Afrika kom die meeste oorblywende wilde jagluiperds binne 'n netwerk van omheinde reservate voor wat gesamentlik onder 'n metapopulasie-bestuursbenadering funksioneer. Hierdie stelsel verseker genetiese en demografiese stabiliteit oor individuele reservate heen. Sedert die stigting in 2012 van die jagluiperd-metapopulasie deur die Endangered Wildlife Trust (EWT) in samewerking met grondeienaars en provinsiale en nasionale regering, het dit een van die min groeiende jagluiperd-bevolkings geword met 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 8,8%. Hierdie groei het dit moontlik gemaak om individue by te dra tot strategiese herinvoerprojekte, soos die een in Zambië, om die spesie se verspreidingsgebied en algehele getalle uit te brei.

Die ses jagluiperds, drie mannetjies en drie wyfies, is versigtig gekies met inagneming van bloedverwantskap en demografiese faktore, deur die EWT uit private reservate in Suid-Afrika. Bydraende reservate sluit in Thanda Private Game Reserve, Manyoni Game Reserve, Nkomazi Game Reserve en Dinokeng Game Reserve. Die jagluiperds is aanvanklik na die WildlifeVets.com se aanhoudingsgeriewe naby Mbombela verskuif vir kwarantyn, voordat hulle na die vrylatingsgebied in 'n afgeleë suidelike sektor van die Noord-Luangwa Nasionale Park in Zambië gevlieg is.

Ná 'n aanvanklike aanpassingsperiode in bomas sal die jagluiperds volgens 'n tweefasebenadering vrygelaat word. Sommige diere sal in 'n 2 000 hektaar-roofdierveilige gebied ingeplaas word om reukmerke en vestiging aan te moedig, terwyl ander direk in die groter ekostelsel vrygelaat sal word. Hierdie diere sal aangevul word deur 'n verdere ses jagluiperds wat later vanjaar verwag word.


Al ses jagluiperds is toegerus met satelliet-halsbande en sal deurlopend gemonitor word deur opgeleide spanne van die Zambian Carnivore Programme, saam met veeartse en internasionale spesialiste. Moniteringswerk sal bewegingspatrone, gedrag en ekologiese interaksies op 'n deurlopende basis volg. **N**



Raak ontslae van hardnekkige slym.
RespiPEP® theravance gebruik Positiewe Ekspiratoriese Drukterapie wat help om jou lugweë oop te hou en van hardnekkige slym ontslae te raak.
Besoek aloramed.co.za vir meer inligting.
RespiPEP® Theravance. Minder slym, beter asemhaling.
RespiPEP® Theravance is 'n Klas A mediese toestel en vervang nie mediese advies nie. Gebruik soos aangedui. Vir volwassenes en kinders 12 jaar en ouer.
info@aloramed.co.za
ALORA MEDICAL

# Jy hoef nie jou boorgat te registreer nie

*Redaksie*


[Foto: weet.co.za]


Die Organisasie Teen Belastingmisbruik, OUTA, sê die Departement van Water en Sanitasie (DWS) het bevestig dat huishoudings wat boorgatwater vir redelike huishoudelike gebruik aanwend, nie hul watergebruik hoef te registreer nie.

Die organisasie het die departement om duidelikheid gevra nadat 'n regeringskennisgewing en die departement se onlangse 90-dae-watergebruiks-registrasieveldtog groot verwarring veroorsaak het. Die uitvoerende bestuurder by OUTA, Julius Kleynhans, sê baie huiseienaars wat van boorgate afhanklik is weens onbetroubare munisipale waterdienste, het geglo hulle kan boetes of selfs strafregtelike vervolging in die gesig staar indien hulle nie registreer nie.

Hy sê die bevestiging bring regsekerheid vir duisende huishoudings wat weens swak munisipale waterdienste op boorgate staatmaak.

Die organisasie beklemtoon egter dat kommersiële, landbou- en ander hoëvolumegebruikers steeds verplig is om hul watergebruik te registreer.

"Suid-Afrikaners behoort nie vervolging te vrees bloot omdat hulle 'n boorgat laat installeer het om water te laat vloei wanneer munisipale stelsels faal nie. Ons het die DWS namens besorgde inwoners genader, en ons verwelkom die departement se vinnige reaksie om die regsposisie vir huishoudelike boorgatgebruikers duidelik te maak." **N**



# Wie is Brittanje se nuwe eerste minister?

*Redaksie*



Andy Burnham

Andy Burnham het die afgelope week Brittanje se sewende eerste minister in tien jaar geword.

Burnham was van 2017 tot 2026 die burgemeester van Greater Manchester. Hy het gedurende Junie 'n tussenverkiesing in Makersfield gewen wat hom 'n parlementêre setel besorg het. Uit die staanspoor het Burnham dit duidelik gemaak dat hy van voorneme is om die Britse premier, Keir Starmer, uit te daag. As enigste kandidaat vir die leiersposisie van die Arbeidersparty is Burnham verlede Vrydag dus ook as die nuwe Britse eerste minister aangewys. Burnham was voorheen die minister van Gesondheid tydens die ampstermyn van Gordon Brown.

Burnham staan bekend as iemand wat devolusie van mag ondersteun en wil graag sien dat die mag wat tans hoofsaaklik in Londen gesetel is na die onderskeie streke afgewentel word. Hy het byvoorbeeld al die uitlating gemaak dat hy 'n "Nr 10-noord", 'n verwysing na die ampswoning en kantoor van die Britse eerste minister, in Manchester wil vestig.

Hy het hom ook al sterk uitgespreek oor behuisingsprogramme en wil graag sien dat haweloosheid in Engeland uitgeroei word.

Burnham word beskryf as minder sosialisties as van sy voorgangers, soos Jeremy Corbyn. Die term "sag links" (soft left) is al gebruik om sy beleidstandpunte te beskryf. Burnham skram egter nie weg van sosialistiese beleid nie. Tydens 'n verkiesingsveldtog in 2010 het Burnham die term "aspirational socialism" gebruik, wat volgens hom beteken die herverdeling van rykdom en mag; openbare beheer oor sleutelsektore soos behuising, energie en water; kollektiewe oplossings vir sosiale probleme; en die idee dat die staat 'n aktiewe rol speel om mense te ondersteun. Dit moet, volgens Burnham, egter gebeur sonder om persoonlike of gesinsaspirasies te ondermyn.

Burnham het ook 'n paar sleutel-veranderings aan sy kabinet gemaak, soos om Ed Miliband as die minister van Buitelandse Sake en die voormalige minister van Gesondheid, Wes Streeting, as die minister van Verdediging aan te stel.






# Vermiste vliegtuig ná 74 jaar gevind

*Redaksie*

11 April 1952 was 'n sonnige dag by die San Juan-lughawe in Puerto Rico. 'n Ligte briesie het gewaai toe Pan Am-vlug 526A kort ná 12 uur die middag opgestyg het, onderweg na, wat vandag bekend is as John F. Kennedy Internasionale lughawe. Die ervare kaptein John C. Burn was aan die stuur van die Clipper Endeavor met 64 passasiers en vyf bemanningslede aan boord.

Kort nadat die vliegtuig opgestyg het, het enjin drie ingegee en die vlieëniers het besluit om terug te draai na San Juan. Enjin vier het egter ook ingegee, wat dit vir die bemanning onmoontlik gemaak het om die vliegtuig in die lug te hou. Kaptein Burn het die beheertoring ingelig dat 'n noodlanding op die water die enigste uitkoms sou bied.

Om 12:20 stort Clipper Endeavor in die Atlantiese Oseaan neer in rowwe seetoestande en winde van tot 28 kilometer per uur. Volgens ooggetuieverslae het 'n groot groep passasiers geweier om die vliegtuig te verlaat en in reddingsbote te klim uit vrees vir haaie en die rowwe see. Die vliegtuig het in minder as drie minute gesink. Slegs 17 van die 69 mense aan boord is gered.

Vir 74 jaar is Clipper Endeavor nie weer gesien nie.

Enkele dae gelede het die Air/Sea Heritage Foundation op hulle webblad bekendgemaak dat hulle, in samewerking met die Discovery-kanaal se *Expedition Unknown*-program die Clipper Endeavor langs Puerto Rico se noordelike kus opgespoor het. Die ontdekking is met die hulp van 'n afstandbeheerde onderwatertuig gemaak en die Deep Sea Vision-maatskappy se hoëresolusiesonar is ook ingespan om die wrak ongeveer 2 000 voet onder die see se oppervlak op te spoor. Die ontdekking is reeds op 2 Junie gemaak. **N**




*'n Douglas DC-4. Dieselfde model as die Clipper Endeavor. (Pan Am Historical Foundation)*



*'n Mosaiëkbeeld van die wrak van die Clipper Endeavor. (AirSea Heritage Foundation en Deep Sea Vision)*






# Naboomspruit gaan DorpToe!

Ondersteuners van goeie musiek, heerlike kos en egte Bosveldgasvryheid kan maar die datums op hul kalenders merk!

Op 15 Augustus 2026 verander die terrein van Hoërskool Hans Strijdom in die opwindendste kuierplek in die Waterberg wanneer die gewilde DorpToe Fees plaasvind.

DorpToe Naboomspruit is veel meer as net nog 'n musiekfees, dit is 'n gesinsgerigte gemeenskapservaring wat mense van heinde en verre saambring. Dit bied 'n unieke mengsel van top- Afrikaanse vermaak, plaaslike entrepreneurskap en 'n uitstekende atmosfeer in die hartjie van 'n sterk landbougemeenskap.

## Wat kan feesgangers verwag?

- Die verhoog gaan brand met optredes deur van Suid-Afrika se grootste gunstelinge, insluitend Steve Hofmeyr, Adam Tas, Brendan Peyper, Early B, Leah, Fatman en Ichnus. Of jy nou lus is vir meesleurende ballades, lekker sokkieliedjies of aansteeklike kletsrym, daar is iets vir elkeen.
- Geurige kosstalletjies: Van tradisionele feeskos en smullekker roostersnitte tot gourmetbederfies, ons kosstalletjies gaan jou smaakpapille laat dans.
- Verfrissende biertuin: Koue drankies en goeie geselskap wag in die ruim biertuin vir dié wat wil ontspan en die feestelikheid wil geniet.
- Pret vir die kleingoed: Bring die hele gesin saam! Die toegewyde kindervermaak gaan die jongspan ure lank besig en veilig hou met 'n verskeidenheid aktiwiteite.

DorpToe is gestig om nie net hoëgehaltevermaak na die platteland te bring nie, maar ook om 'n tasbare verskil te maak. Die fees ondersteun plaaslike skole en gemeenskapsprojekte, wat beteken dat elke kaartjie wat gekoop word, 'n belegging in die Naboomspruit-gemeenskap is.

"DorpToe is die plek waar die gemeenskap en besighede mekaar ontmoet om fees te vier. Dit gaan oor die skep van herinneringe saam met jou gesin terwyl ons ons plaaslike skole en kultuur ondersteun," sê die reëlingskomitee.



## Besonderhede

- ✔ Datum: 15 Augustus 2026
- ✔ Plek: Hoërskool Hans Strijdom, Naboomspruit (Mookgophong)
- ✔ Hoogtepunte: Top- Afrikaanse kunstenaars, kosstalletjies, biertuin, kindervermaak en uitstallers.
- ✔ Kaartjies: Beskikbaar by iTickets.

BBP-tafels: R5 000 (10 persone)

Volwassenes: R220

Kinders Onder 18: R150

Pensionarisse: R170

Kinders Onder 7: Gratis

## Moenie hierdie hoogtepunt op die Bosveld-kalender misloop nie!

Bring jou stoel, jou gesin en jou goeie luim, en kom kuier lekker saam by DorpToe Naboomspruit



# Druppels word strome, strome word riviere: KragDag 2026 bou momentum

KragDag keer van 6 tot 8 Augustus 2026 terug na Diamantvallei Landgoed, Pretoria, met 'n tema wat die hart van die ekspo se verhaal raak: "Druppels word strome, strome word riviere."




Verlede jaar het sowat 32 000 besoekers en ongeveer 620 uitstallers oor drie dae by KragDag saamgekom. Vanjaar bou die ekspo op daardie momentum voort met 'n tema wat herinner aan 'n eenvoudige waarheid: Groot dinge begin klein.

Dis hoe ondernemings groei. Dis hoe gemeenskappe sterker word. Dis hoe nuwe vaardighede aangeleer word. En dis hoe momentum gebou word.

Hierdie gedagte lê van die begin af aan die hart van KragDag. Wat meer as agtien jaar gelede as 'n beskeie inisiatief begin het, het oor die jare gegroei tot 'n jaarlikse byeenkoms waarheen mense kom om te leer, idees uit te ruil, praktiese oplossings te ontdek en mekaar aan te moedig om verder te bou.

KragDag is daarom trots om ook sy Vaandelborge vir 2026 aan te kondig: Sakeliga, NEASA, ATTSA, ontbytSAKE, Pretoria FM, AP Akademie, City Gates en Rural Maintenance. Hierdie organisasies kom uit uiteenlopende bedrywe, maar deel 'n oortuiging dat voorsorg, eie verantwoordelikheid, ondernemingskap en sterk gemeenskappe die grondslag lê vir volhoubare groei.


"Ons leef met die verwagting dat groot verandering met groot dade begin," sê HP Steyn, besturende direkteur van KragDag. "Maar die dinge wat werklik waarde skep, begin byna altyd klein. 'n Onderneming begin met 'n idee. 'n Vakman begin as 'n leerling. 'n Gemeenskap word saamgestel uit mense wat hul deel doen. Selfstandigheid groei op presies dieselfde manier. Wanneer baie mense elke dag aanhou bou, leer en verantwoordelikheid aanvaar, ontstaan momentum. En dis uiteindelik waaroor KragDag gaan. Nie groot spronge nie, maar duisende mense wat elkeen hul deel doen."




Soos altyd bied KragDag weer 'n wye verskeidenheid uitstallers, praktiese demonstrasies, werkswinkels, die Kopskuif-ateljee, landbou-uitstallings, alternatiewe energie- en wateroplossings, tegnologie, handwerk en gesinsaktiwiteite. Nuut vir vanjaar is 'n toegewyde afdeling vir toerisme, buitelewe, kampeer, 4x4 en avontuur, waar besoekers nuwe bestemmings, toerusting en ervarings vir die oop pad en die buitelewe kan ontdek. Dit is 'n plek waar idees in praktyk omskep word, waar mense by mekaar leer en waar nuwe samewerking ontstaan.

**KragDag 2026 nooi almal uit wat glo die beste manier om die toekoms tegemoet te gaan, is om vandag reeds te begin bou.**

**Want dis hoe momentum gebou word.**



# Kom kyk hoe word 'n RWB Porsche gebou






Kom word hierdie Augustus deel van motorgeskiedenis wanneer 'n Rauh-Welt Begriff (RWB) Porsche, 'n aangepaste weergawe van die Porsche 911, by die idle Auto Expo 2026 by Montecasino in Fourways, Johannesburg, gebou word.

Op 1 en 2 Augustus sal Akira Nakai, een van die bekendste figure in internasionale motorkultuur, ten aanskoue van besoekers aan die ekspo, sy vakmanskap ten toon stel en wys hoe een van die wêreld se mees ikoniese aanpassings aan die Porsche-handelsmerk gebou word. Van sny en pas tot finale vorming sal die proses lewendig voor die publiek ontvou — 'n seldsame ervaring wat normaalweg vir geselekteerde internasionale markte voorbehou word.

Die idle Auto Expo het in vyf jaar gegroei tot een van Suid-Afrika se voorste motor- en leefstyl-geleenthede, waar motorbouers, prestasie-handelsmerke, uitstallers, skeppers, gesinne en motor-aanhangers byeenkom om 'n volle naweek lank in motorkultuur te kom deel.

Vanjaar se geleentheid sal 'n nuwe standaard stel met 'n hoë-oktaanmengsel van motoruitstallings, lewendige vermaak, leefstylaktiwiteite en prestasievertonings wat insluit pasgemaakte motorfietse en spesialisfietsuitstallings, meer as 80 motoruitstallers wat produkte, dienste, onderdele, bykomstighede en leefstyl-handelsmerke ten toon stel, kosverkopers en feesstyl-kosaanbiedings, lewendige vermaak en DJ's, speletjie-ervarings, BMX-aksie en vele meer.

Volgens Alistair Andrew, stigter en HUB van idle Auto Expo, verteenwoordig die 2026-weergawe van die uitstalling een van die belangrikste myl-pale in die geleentheid se geskiedenis.

"Om Akira Nakai Suid-Afrika toe te bring om vir die eerste keer 'n RWB Porsche in Afrika te bou, is 'n droom wat vir ons en vir die plaaslike motorgemeenskap bewaarheid is. RWB het 'n globale aanhang, en om Nakai-san lewendig by idle Auto Expo te laat optree, gee Suid-Afrikaanse aanhangers die kans om iets te aanskou wat nog nooit op hierdie kontinent gebeur het nie. Dit is nie net nog 'n geleentheid nie, dit is geskiedenis in Afrika-motorkultuur wat voor mense se oë afspeel."

Andrew sê die geleentheid het nog altyd oor meer as net motors gegaan.

"idle Auto Expo is geskep om die mense, kreatiwiteit en passie van motorkultuur te vier. Elke jaar doen ons iets groter vir die gemeenskap — van pasgemaakte motors en uitstallers tot vermaak, leefstylervarings en nou 'n eerste vir die kontinent. Die 2026-geleentheid is 'n groot stap vir die Suid-Afrikaanse motorwêreld."

Met 'n kragtige kombinasie van internasionale motorgeskiedenis, plaaslike motorkultuur, prestasievertonings, meer as 80 uitstallers, kos- en leefstylervarings en gesinsvriendelike vermaak, is idle Auto Expo 2026 bestem om een van die hoogtepunte van die motorwêreld se jaar te wees.

Hierdie unieke ervaring sal beskikbaar wees vir alle kaartjiehouers, met beide gewone toegang en BBP-gaste wat die lewendige RWB-bou kan aanskou soos dit oor die naweek ontvou. BBP-kaartjiehouers sal egter ook 'n eksklusiewe fotogeleentheid of handtekening-ontmoeting kry, afhangende van hul gekose pakket.

Kaartjies is beskikbaar via Quicket. Vir kaartjiebesprekings, nuus oor die geleentheid en verdere inligting, besoek www.idlebrands.com of volg @idle_auto_expo op Instagram en Facebook.

# Hot Mikado bring jazz, humor en skouspel na Pretoria

Pretoria-gehore kan uitsien na een van die jaar se opwindendste musiekblyspele wanneer Hot Mikado van 5 tot 9 Augustus by die Fairtree Atterbury Teater op die planke is.

Die produksie, word aangebied deur Full House Theatre Productions in samewerking met die ATKV en Pretoria FM, en bied 'n vars Suid-Afrikaanse aanslag op Gilbert en Sullivan se geliefde klassieke werk. Met aansteeklike jazz-ritmes, skreeusnaakse humor, dinamiese choreografie deur Pinto Ferreira en lewendige musici op die verhoog, beloof Hot Mikado 'n energieke teaterervaring vir gehore van alle ouderdomme.



Na die sukses van Joseph and the Amazing Technicolor Dreamcoat en The Wizard of Oz bou Full House Theatre Productions voort op sy visie om grootskaalse, gesinsvriendelike musiekblyspele na Pretoria te bring, terwyl betekenisvolle geleenthede vir opkomende professionele kunstenaars geskep word.

Die rolverdeling is 'n opwindende kombinasie van gevestigde én opkomende kunstenaars. Jacques Gombault, bekend vir Getroud met Rugby, Binnelanders en Diepe Waters, vertolk die rol van die Mikado. Daniellé Botes maak haar professionele musiekteaterdebuut as Yum-Yum nadat sy vroeër vanjaar die enkelsnit Afdraaipad saam met die legendariese Afrikaanse kunstenaar Jannie du Toit uitgereik het. J.J. Roberts, wat gehore in Ons vir Jou beïndruk het, vertolk Pish-Tush, terwyl Luigia Cassaleggio, wat onlangs as assistent-musikale regisseur van Pretty Woman by die Teatro opgetree het, die rol van Katisha vertolk.

"Die ATKV belê in kreatiewe geletterdheid en die kweek van 'n nuwe generasie wat met empatie, nuuskierigheid en kultuurbewustheid die wêreld betree deur hierdie produksie," sê Mercia Eksteen, Senior Bestuurder: Kommunikasie by die ATKV.

Vir liefhebbers van musiekteater, én vir dié wat bloot lus is vir 'n besonderse uitstappie, bied Hot Mikado twee ure van sprankelende vermaak, onvergeetlike musiek en 'n vars kykie na een van die verhoog se grootste klassieke treffers.

Hot Mikado is van 5 tot 9 Augustus by die Fairtree Atterbury Teater op die planke.

Kaartjies is by Seatme beskikbaar. Besoek www.fullhouse.org.za vir meer inligting.



Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

# Nuusweek

## Regskennisgewings

Bepalings en voorwaardes geld.

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

# Lesers se beurt



Die regering hou vol met sy planne om Suid-Afrika se kernkragprogram uit te brei en wil 5,2 gigawatt nuwe kernkragkapasiteit as deel van die land se langtermynenergieplan verkry. Die minister van Elektrisiteit, Kgosientsho Ramokgopa, sê kernkrag sal 'n belangrike rol speel om elektrisiteitsvoorsiening te versterk en die land se energiemengsel te diversifiseer. Hier is wat lesers hieroor te sê gehad het:

**Jaco van der Walt**

My bekommernis nou is of hulle dit kan onderhou ná die lek by Koeberg. Hulle werk hier met baie gevaarlike dinge.

**Steven Rossouw**

Pelindaba was in laat 1980's op die punt om kernkrag veilig te kon produseer. Hoekom dit gestaak is, is 'n ander onderwerp op sy eie (ANC beplande oorname). Vader behoed ons met dié onbevoegde regering aangesien daar soos vermoed, juis onlangs 'n lekkasie in Koeberg plaasgevind het.

**Charles Gregory**

As jy nie 'n steenkoolkragsentrale betyds en korrek kan bou nie, hoekom neuk jy rond met kernkrag?

**Casper Jacobs**

Tsjernobyl, Suid-Afrika.



*Kgosientsho Ramokgopa*

**Kevin Swanepoel**

Julle kan nie eers gewone krag aan die gang hou nie nou wil julle met kernkrag peuter.

**Razell Rudman**

Is dit dalk om meer kapasiteit aan al die nuwe KI-datasentrales wat regoor Suid-Afrika opgerig word, te bied?

**Deon le Roux**

Die tenderpreneurs vryf al hulle handjies spierwit vir die miljoene wat kom.


**GE Pretorius**

Dis net planne, en planne sal dit bly.

**Morné Mollentze**

Soek verrykte uraan om aan Rusland te verkoop vir hul wapens.**N**

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# VSA stoot terug teen Chinese invloed op elke vasteland

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Terwyl die wêreld se aandag op die verdiepende krisis in die Midde-Ooste is en die indruk bestaan dat die Trump-administrasie al sy energie op Iran toespits, dui ontwikkelings van die afgelope paar weke, en veral die afgelope paar dae, op iets veel groter. Van Mexiko en Kuba in Noord-Amerika tot Colombia, Venezuela, Peru en Chili in Suid-Amerika, en van Afrika tot die Midde-Ooste en Asië, is die Verenigde State van Amerika (VSA) besig om sy invloed uit te brei en China se groeiende teenwoordigheid doelbewus teen te werk.

Die Amerikaanse minister van energie, Chris Wright, het verlede week 'n ooreenkoms met Saoedi-Arabië onderteken waarvolgens die VSA die land met die ontwikkeling van 'n kernprogram sal ondersteun. Dit bevestig Saoedi-Arabië se toenemende samewerking met die VSA in 'n tyd waarin China sy verhouding met Iran teen die koste van bande met verskeie Arabiese lande moet heroorweeg. Vir baie van dié lande bly Iran hul grootste veiligheidsbedreiging.

Terwyl dié ooreenkoms met Saoedi-Arabië gefinaliseer is, het president Donald Trump die afgelope twee weke onderskeidelik die staatshoofde van Irak en Libanon in die Withuis ontvang.

China het sy invloed die afgelope paar jaar aansienlik in Irak uitgebrei, veral deur noue bande met Sjiïetiese groepe wat deur Iran ondersteun word. Trump se ontmoeting met die Irakse eerste minister, Ali al-Zaidi, was daarom strategies belangrik. Verskeie ooreenkomste is tydens die besoek onderteken.

Die VSA werk reeds maande lank aan 'n strategie om Irak nader aan die VSA en verder van China en Rusland af te beweeg. Die doel is om Chinese energie- en infrastruktuurooreenkomste geleidelik met breër Amerikaans-Irakse vennootskappe te vervang. Irak is vir die VSA van groot strategiese waarde vanweë sy enorme oliereserwes, sy sentrale ligging in die Midde-Ooste en die rol wat Amerikaanse betrokkenheid daar kan speel om Chinese invloed in die streek te beperk.

Die VSA neem ook die voortou in die vredesproses in Libanon, maar die doel strek verder as net vrede. Trump plaas tradisioneel sterk klem op die ekonomiese dimensie van buitelandse betrekkinge. Sy ontmoeting met die Libanese president, Joseph Aoun, het daarom nie net oor 'n moontlike vredesooreenkoms met Israel gehandel nie, maar ook oor die VSA se langtermynbetrokkenheid in Libanon.

Libanon is vir die VSA strategies belangrik weens sy geopolitieke ligging, sy rol in die stryd teen Iran en die ekonomiese geleenthede wat toegang tot die Middellandse See en 'n landkorridor deur Sirië na ander strategiese markte kan bied.

> *Libanon is vir die VSA stra-tegies belangrik weens sy geopolitieke ligging...*

Terwyl Trump sy aandag op die Midde-Ooste vestig, was sy minister van buitelandse sake, Marco Rubio, die afgelope week eers op Kuba gefokus, waar die VSA die kommunistiese regime toenemend onder druk plaas. Daarna het Rubio na Manila in die Filippyne gereis om 'n byeenkoms van die Vereniging van Suidoos-Asiatiese Nasies (ASEAN) by te woon.

In Manila het hy onder meer met president Ferdinand Marcos jr. vergader om die noue samewerking tussen die twee lande verder te versterk. Rubio het ook met sy Russiese eweknie, Sergey Lavrov, vergader in 'n poging om vredesonderhandelinge tussen Rusland en Oekraïne weer aan die gang te kry.

Die belangrikste deel van Rubio se besoek was waarskynlik die jaarlikse Quad-veiligheidsvergadering saam met sy ampsgenote van Japan, Australië en Indië. Hierdie lande, wat ook nou met bondgenote soos die Filippyne en Suid-Korea saamwerk, verdiep tans hul militêre koördinering in die Stille Oseaan met die primêre doel om China se invloed en dié van sy proksies, soos Noord-Korea, te beperk.

In Latyns-Amerika brei die VSA sy invloed nie net in Kuba en Venezuela uit nie. Deur die herlewing van die Monroe-leerstuk het die VSA byvoorbeeld die afgelope tyd in Panama daarop gefokus om te verseker dat die bestuur van strategiese hawens na Amerikaanse konsortiums oorgedra word. Dit was 'n groot terugslag vir China.

Die Trump-administrasie was die afgelope maande ook betrokke by pogings om pro-Amerikaanse en pro-Trump regerings in Colombia, Peru en Chili aan bewind te kry. Terwyl al drie lande reeds stappe geneem het om nouer met die VSA saam te werk, is dit terselfdertyd 'n terugslag vir China se invloed in Suid-Amerika. Die vasteland beskik oor groot voorrade kritieke en skaars minerale waarvoor die VSA en China tans meeding.

Donderdag het dit aan die lig gekom dat die VSA dit oorweeg om 'n militêre operasie in Mali te loods. Die land gaan reeds jare lank gebuk onder geweld deur Islamitiese terreurgroepe. Die onlangse aankondigings oor die ontwikkeling van die Lobito-korridor bevestig ook die VSA se langtermynverbintenis tot Afrika. Daarbenewens is verskeie nuwe Amerikaanse ambassadeurs die afgelope week vir Afrikalande benoem.

Die magstryd tussen die VSA en China verdiep steeds. Waar China die afgelope twee dekades op die voorvoet was, stoot die VSA nou daadwerklik sterk terug. Of die VSA daarin gaan slaag, is nog onseker. Wat wel duidelik is, is dat daar groot geleenthede, maar ook beduidende risiko's wêreldwyd in hierdie stryd vir talle lande en streke opgesluit lê. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Gayton McKenzie: Die man in die spervuur

REPLIEK
Alana Bailey

Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur met minister Nathi Mthethwa aan die stuur, was gereeld in omstredenheid gehul. Dink byvoorbeeld aan die vlag-paalprojek.

Toe Gayton McKenzie die leisels oorneem, was daar groot verwagtinge. Die minister het plegtig belowe onsinnige wanspandering op onder meer naamsveranderinge gaan 'n einde kry en die soustrein wat kornuite na internasionale sportbyeenkomste neem, het finaal tot stilstand gekom.

Die hoop het helaas beskaam. Die departement bly in die spervuur oor hierdie en vele ander kwessies.

Op 6 Februarie vanjaar het die minister die verandering van 21 plekname in die Staatskoerant bevestig. Dit sluit die omstrede verandering van Graaff-Reinet in, wat nou in die hof deur AfriForum teengestaan gaan word. Aanvanklik het die minister nie AfriForum se aansoek geopponeer nie, maar nou het sy regspan aangekondig dat hulle wel beoog om dit te doen – toevallig in die week wat McKenzie fel onder kritiek deurloop oor die spandering van R31 miljoen vir die Suid-Afrikaanse afvaardiging se reiskoste tydens die pas afgelope FIFA Wêreldbekertoernooi.

Sportgeleenthede trek skynbaar gereeld aan die kortste end. In 2025 het McKenzie se heraanwending van R82 miljoen, wat vir voetsoolvlak sportontwikkelingsprogramme geoormerk was, na luukse projekte soos die verkryging van video-assistent-skeidsregtertegnologie woede ontlok.


Gayton McKenzie

Toe vanjaar se Corona Ope van die World Surf League (WSL) by Jeffreysbaai weens 'n gebrek aan befondsing gekanselleer is, was die minister weer in die kollig, met beskuldigings oor kommunikasieprobleme wat oor en weer geslinger is. Hierdie kansellasie het die Oos-Kaap duur aan toerisme-inkomste, werksgeleenthede én reputasieskade gekos.

Van kommunikasieprobleme kan instellings getuig – selfs prokureursbriewe aan die minister se kantoor word nie eens met die gebruiklike erkenning van ontvangs beantwoord nie.

Kuns byt ook 'n spit af. Afgesien van klagtes oor gebrekkige befondsing, het die minister se verbod op die kunstenaar Gabrielle Goliath se deelname aan die 2026 Venesiese Biënnale in die hof gedraai. Die regter se uitspraak het McKenzie in Februarie gelyk gegee dat hy haar deelname kon keer, maar die kunstenaar oorweeg om daarteen te appelleer. Sy het voortgegaan om haar werk onafhanklik in Italië uit te stal in reaksie op die gevaarlike presedent wat die minister se sensuur na haar mening vir kunstenaarsvryheid inhou.

Al meer vrae duik verder op oor McKenzie se aanstelling van prominente lede van sy party, die Patriotic Alliance (PA), in entiteite wat onder sy departement val. In 'n vergadering van die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Sport, Kuns en Kultuur verlede week, het lede van die finansieringspaneel van die departement se 2025/2026 Mzansi Golden Economy-projek (MGE) getuig dat hulle nie demokraties verkies is nie, maar direk deur die minister genooi is om in die paneel te dien. Soortgelyke vrae is in November 2025 gevra oor PA-lede wat in die Robbeneiland-raad aangestel is, insluitend Bernardo Maralack, wat ook as voorsitter van die Nasionale Biblioteekraad dien.

In 'n pos wat juis die viering van die land se kulturele diversiteit moet vier, sorg McKenzie gereeld vir kontroversie – byvoorbeeld met sy gebruik van die k-woord en klagtes oor sy beweerde xenofobiese uitlatings. Terwyl hy hierdie beskuldigings ontken, beskuldig hy die Bokkieweek se organiseerders van apartheidsnostalgie en sê dat hy nie hierdie byeenkoms, wat 'n privaat inisiatief van een van die land se kultuurgemeenskappe is, sal duld nie.

Só dobber die departement dan voort met 'n nuwe kaptein, maar in soortgelyke troebel waters te midde van hierdie en meer aantygings van korrupsie, wanbestuur, onvervulde beloftes, nepotisme, asook 'n gebrek aan aanspreeklikheid en deursigtigheid – 'n betreurenswaardige toestand vir sport, kuns en kultuur in die land. **N**

**Bailey is die hoof van Kultuursake by AfriForum.*



# DIE TOEKOMS van die boer na die bord

BOER TOT BORD

Bennie van Zyl

Die kundigheid wat oor jare heen in Suid-Afrika se kommersiële boere opgebou is, is prysenswaardig. Dit gaan egter oor veel meer as bloot die oordrag van kennis van een geslag na die volgende. Dit verg 'n besondere soort mens; iemand wat nie terugdeins voor 'n magdom veranderlikes waaroor hy geen beheer het nie, maar steeds bereid is om te bou, te plant en te belê in die toekoms.

Die voedsel wat uiteindelik op die verbruiker se bord beland, is die resultaat van 'n lang en komplekse proses. Talle handelinge moet deurlopend en volhoubaar plaasvind voordat voedsel geproduseer, verwerk, vervoer en uiteindelik verkoop kan word. Voedselsekerheid beteken daarom dat veilige, bekostigbare en voldoende voed-sel op die mark beskikbaar moet wees. Dit beteken egter ook dat inwoners oor die vermoë moet beskik om daardie voedsel te kan koop.

> *Die hartseer werklikheid is dat die huidige beleidsomgewing een van die grootste bedreigings vir boere geword het.*

Juis hier lê een van Suid-Afrika se groot uitdagings. Met 'n uiters hoë werkloosheidsyfer, 'n ekonomie wat te stadig groei, korrupsie, diefstal en swak dienslewering deur instellings wat juis veronderstel is om die publiek te ondersteun, is daar nie 'n gesonde vraag na voedsel soos wat dit in 'n groeiende ekonomie behoort te wees nie. Die gevolg is 'n verwronge mark wat nie noodwendig die winsgewendheid van voedselproduksie bevorder nie.

Te midde van hierdie werklikhede is dit besonder bemoedigend om die jong boere van Suid-Afrika te ontmoet.

Die finaliste van TLU SA se jaarlikse Jongboerkompetisie is onlangs deur die beoordelaarspaneel op hul plase besoek. Die toewyding, passie en toekomsgerigtheid van hierdie jong boere was uitsonderlik. Elke besoek het 'n sterk besef van verantwoordelikheid vir die toekoms weerspieël.

Dit is daarom 'n besondere uitdaging om 'n eerste, tweede en derde plek aan te wys uit 'n groep boere wat eintlik almal wenners is. Die finale uitslag sal tydens TLU SA se kongres op 2 September bekend gemaak word.

Die besoeke het egter opnuut bevestig dat die toekoms van Suid-Afrikaanse landbou nie bloot in tegnologie, grond en kapitaal lê nie. Dit lê in mense.

Elke onderneming, en dus ook elke boerdery, moet uiteindelik aan die einde van 'n finansiële jaar een fundamentele vraag beantwoord: Was ons winsgewend? Sonder volhoubare wins kan geen onderneming voortbestaan nie. Wins is nie hebsug nie; dit is die grondslag waarop 'n onderneming kan voortgaan om werk te skep, die plaaslike en nasionale ekonomie te stimuleer, te investeer en voedsel te produseer.

Die hartseer werklikheid is dat die huidige beleidsomgewing een van die grootste bedreigings vir die voortbestaan van voedselproduserende boere geword het. Afgesien van faktore soos droogte, vloede, siektes en ander klimatologiese veranderlikes, spruit talle van die huidige uitdagings direk of indirek voort uit die wyse waarop Suid-Afrika bestuur en geregeer word.

Tog is dit opvallend dat die jong boere wat besoek is, nie hul toekoms bou rondom 'n permanente negatiewe scenario nie. Hulle erken die uitdagings, maar hulle laat hulle nie daardeur definieer nie. Hulle bou steeds; vir hulself, vir hul gesinne, vir hul werknemers en vir die geslagte wat ná hulle kom.

By verskeie van die besoeke het 'n besondere geloofsoortuiging na vore gekom: Boerdery is 'n voorreg en nie 'n reg nie. Die grondslag van boerdery is geloof. God laat die saad groei, maar die boer dra steeds die verantwoordelikheid om met sy besondere talente, kennis en werksetiek die grond te bewerk en die geleenthede wat aan hom toevertrou is, verantwoordelik te bestuur.

Daar is ook 'n sterk besef dat mense een van die belangrikste bates van enige boerdery is. Sukses is nie die prestasie van een persoon alleen nie. Dit is die resultaat van 'n spanpoging waarin elkeen 'n rol speel.

Die groot uitdaging om voedsel op Suid-Afrikaners se borde te kry, is daarom nie slegs om meer voedsel te produseer nie. Die ekonomie moet groei sodat meer mense werk kan kry en oor die vermoë beskik om voedsel te koop. Sosiale toelaes kan 'n noodsaaklike veiligheidsnet wees, maar dit kan nie die langtermynoplossing vir armoede en werkloosheid wees nie.

Tydens die afgelope besoeke aan die jong boere is daar egter iets belangriks bespeur: realistiese hoop.

Nie 'n naïewe hoop dat uitdagings sal verdwyn nie. Ook nie 'n hoop wat op regeringsbeloftes gebou is nie. Dit is die hoop van mense wat weet dat die pad vorentoe moeilik sal wees, maar wat steeds bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar, hard te werk en vir die nageslag te bou.

Van die boer na die bord is 'n lang pad. Die toekoms van daardie pad sal uiteindelik bepaal word deur die vraag of Suid-Afrika 'n omgewing kan skep waarin mense kan werk, ondernemings kan groei en boere volhoubaar kan produseer.

Die jong boere van vandag wys egter dat, ten spyte van alles, daar steeds mense is wat bereid is om te plant vir môre. **N**

**van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA*

# Bak en brou is in ons bloed!

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

Ons Nederlandse herkoms het 'n groot invloed gehad op Afrikaanse eetgewoontes. Reeds in 1656 berig Jan van Riebeeck in sy *Daghregister* van 'n kermis wat aan die Kaap gehou is. In 1682 het die Kaapse distrik 'n jaarlikse kermis of *'jaarmark'* ingestel, wat met die Burgerkommando se jaarlikse parade saamgeval het (en ook met Simon van der Stel se eie verjaarsdag op 14 Oktober).

Kermisse en markte was feestelik en vrolik, en stalletjies het klein koekies, oblietjies, wafels, oliebolle, 'n groot aantal koeke en drinkgoed soos bier en wyn verkoop. Dit was destyds baie moeite om die meeste van hierdie lekkernye te bak: Bakpoeier was eers in die tweede helfte van die 18de eeu vrylik in Suid-Afrika beskikbaar, en lug moes met die hand in die beslag "ingeklits" word – soms vra ou resepte vir 'n uur of twee se klits! Vlugsout is soms gebruik, maar dit het 'n spesifieke smaak gehad wat nie na almal geval het nie.

> ***Bakpoeier was eers in die tweede helfte van die 18de eeu vrylik in Suid-Afrika beskikbaar***

Nederlanders in vroeë Pretoria het ook dikwels kermisse gehou, met stalletjies wat feestelik versier is en waar lekkernye verkoop is om fondse vir allerhande aktiwiteite in te samel. Sierwaens is by dié okkasies deur die strate getrek, wat byvoorbeeld deur die Rederykerskamer of die Boogschuttersvereniging, "de Batavieren", versier is om hulle aktiwiteite uit te beeld.




*'n Foto van die Boerstra-stalletjie by 'n nywerheidstentoonstelling gereël deur die Pretoria Kamer van Koophandel (datum onbekend).*
*[Foto: Het Geheugen van Nederland]*

Van Pretoria se bekendste bakkers was ook almal Nederlanders. Ons onthou waarskynlik almal die bekende Boerstra's (nou Sunbake) en Turkstra's, 'n bakkery en koffiehuis wat vir baie jare die middelpunt van Pretoria se sakelewe was. Die koffiehuis was in die middel van al die howe en prokureursfirmas, banke en staatskantore, en menige besigheidsbesluite is daar oor 'n koppie koffie of middagete geneem. Dit is beskou as een van die beste koffiehuise in die land.

Rients Jouwert Turkstra het in 1889 saam met sy suster, Alie, na Pretoria gekom en eers in die Transvalia Bankiersbakkery gewerk. Met die uitbreek van die oorlog is hulle tydelik terug na Nederland, en ná die oorlog het hulle teruggekom en die Turkstra Koffiehuis begin. Rients was blykbaar veral verantwoordelik vir die gewildheid van die plek vanweë sy innemende en sjarmante geaardheid. Hy was glo 'n haan onder die henne!

Ook die bakker Johannes Hendrikus de Loor het in 1896 in Pretoria aangekom en die Wilhelminabakkery by die Van der Waterenbroers gekoop. Die naam is verander na die De Loor Bakkery. Hy was later die voorsitter van die Vereniging van Meesterbakkers in Pretoria. **N**

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*

## #vrydagfeite

'n Hond se neusafdruk is uniek: Die doolhof van riffies en plooie verskil van brak tot brak, nes jou vingerafdruk. In omvattende navorsing, wat 70 honde van 19 rasse ingesluit het, is daar bewys dat hierdie patrone onveranderd bly, ongeag die ouderdom of geslag van die natneus.

Omdat die patrone deur Brakanjan se hele lewe dieselfde bly, kan 'n neusafdruk as biometriese identifikasie gebruik word, en sommige registers en skuilings gebruik dit reeds om 'n hond se identiteit te bevestig.

Met ander woorde: Elke snoetafdruk is 'n unieke hand- of eerder poottekening. **N**



# Die Boekeblad met Graffiti Boeke

## Nuut op die rak




### *My skaduwee loop los*
**– Zirk van den Berg**

**R300, Queillerie**

"Dis so onthutsend as om agter te kom dat die skaduwee wat nog altyd aan my voete gekluister was, hom losgeruk het en nou elders dwaal, op vrye voet."

Op sy ma se begrafnis in die Kaap maak André Verreyne die verbysterende ontdekking dat hy 'n identiese tweelingbroer het van wie hy in die wieg geskei is. Hy het net enkele dae om sy broer te probeer opspoor voordat hy moet terugvlieg Nieu-Seeland toe vir sy dogter se troue.

Dit lei tot 'n speurtog wat hom na uiteenlopende mense op sy broer se lewenspad neem — elkeen met 'n verrassende storie om te vertel. Gou begin 'n prentjie vorm van iemand wat heel anders is as André self, al word hy tydens sy soektog voortdurend vir sy broer aangesien. Hoe meer hy oor sy broer uitvind, hoe meer begin hy sy eie lewenskeuses bevraagteken.

My skaduwee loop los is 'n meesleurende, veelvlakkige verhaal oor die soeke na wat werklik die waardevolste lewe is, en die antwoord op die tergende vraag: Wat as?

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

### *Dierestories vir slaaptyd: Soete drome saam met die Groot Vyf*
**– De Wet Hugo & Kelly Brown**

**R195, Human & Rousseau**




*Sê goeienag saam met Ollie die Olifant, Lara die Luiperd, Bertie die Buffel, Rienie die Renoster en Louis die Leeu in hierdie pragtige versameling slaaptydstories.*

*Elke verhaal neem klein hartjies op 'n gerusstellende avontuur saam met die Groot Vyf deur die Afrikabosveld, met temas soos gehoorsaamheid, hoe om vrese te oorkom, vriendelikheid en moed.*

*'n Heerlike voorleesboek wat ouers en kinders aand ná aand saam kan geniet.*

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

### *Goeie Genade, Grootseun! Kronieke van 'n Dominee*
**– Barend Vos**

**R250, Protea**




Die jongste bundel rubrieke in Barend Vos se reeks oor die lewe van 'n predikant en sy gesin in 'n plattelandse gemeente. Deur die oë van "Grootseun" – die Jongdominee wat briewe aan sy ouers skryf – word lesers ingenooi in 'n wêreld van kerkbasaars, kleurryke karakters en alledaagse uitdagings wat met deernis en fyn humor uitgebeeld word in stories soos "Al die kinkels in 'n kerkbasaar", "Tannie Sjjjt word verstaan", "Brûe bou is nie vir sissies nie" en "Hooglied word laaggevat".

*Goeie genade, Grootseun!* is die opvolg op Vos se gewilde bundel *Liefdegroete, Grootseun*, wat in 2018 verskyn het. Dié sketse het oorspronklik in die tydskrif *LiG* verskyn. In *Goeie genade, Grootseun!* word 31 van die beste en mees vermaaklike stories opgeneem in een toeganklike bundel, en die oorspronklike illustrasies van wyle Fred Mouton word ook ingesluit.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

**10** ***Enigma*** – Rudie van Rensburg

**9** ***Daardie lewe: Karel Schoeman*** – Ria Winters

**8** ***Wat die witbors wou sê*** – Elmarie Dercksen

**7** ***Klawer*** – Rocco de Villiers

**6** ***Historiese almanak*** – Albe Grobbelaar

**5** ***Sterre is vir altyd*** – Sophia Kapp

**4** ***Bethulie*** – Rensche van der Walt

**3** ***Grensloos*** – Wilna Adriaanse

**2** ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert

**1** ***'n Ierse knoop*** – Elsa Winckler

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om al drie hierdie boeke ter waarde van R1075 te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

***Wie het My skaduwee loop los geskryf?***

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**.
**Inskrywings sluit Maandag 20 Julie 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 17 Julie 2026 se boekekompetisie is:**
**Magda Fouche van Springs**

**SPESIALE AANBOD VIR NUUSWEEK-LESERS**

*Ontvang 'n ekstra **10%-afslag** op hierdie drie boeke!*

Gebruik die kodewoord **PTAFM** wanneer jy jou bestelling plaas om vir die addisionele afslag te kwalifiseer.

***Aanbod slegs geldig tot volgende Donderdag.***

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**
**www.graffitiboeke.co.za teen 10% afslag.**

# Waaroor bekommer ons ons?

7VOOR7

Ds. Dirk du Preez,
NG Gemeente Deneysville

Het jy lekker geslaap laasnag? Ek hoop so. En as jy nie lekker geslaap het nie, was dit dalk kommer en spanning wat veroorsaak het dat jy wakker gelê het? Want bekommernis kan dit nogal doen. Wanneer dinge in mens se persoonlike lewe soos verhoudings, finansies, kinders ens. nie reg verloop nie, is dit die geneigdheid om in die nag wakker te lê en te kommer daaroor. En nou kan mense maklik vir jou sê om nie bekommerd te wees nie en alles aan God oor te laat. Ja, praat is mos maklik as hulle nie in jou skoene staan nie. In hoofstuk 5 vers 7 van sy eerste brief skryf Petrus die volgende aan 'n paar gemeentes: "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle". Ja, ou Petrus, maklik om te praat. Jy is nie die een wat wonder waar môre se bord kos vandaan gaan kom nie. Jy is nie die een wat moet wakker lê omrede jy jou werk verloor het nie. Kom sit bietjie in my omstandighede en dan kan kyk ons of jy weer so maklik gaan skryf dat ons moet ophou bekommerd wees.

Ek het ook al gewonder wat Petrus dan nou sou kwalifiseer om so 'n uitlating te kan maak. Ek meen, die man werk hom mos nie dood nie. Hy verkondig die evangelie en oral waar hy gaan, het hy volgelinge wat vir hom sorg. Waaroor sal hy hom nou bekommer? Maar Handelinge 12 vertel vir ons 'n ander verhaal. In vers 2 lees ons dat koning Herodes vir Jakobus laat vang het, hom mishandel het en toe met die swaard laat doodmaak het. Hy het agtergekom die Jode was baie tevrede hieroor en het toe sommer vir Petrus ook gevange geneem en toegesluit. Om seker te maak Petrus kan nie ontvlug nie, het hy hom met vier afdelings van vier soldate elk laat bewaak. Sestien soldate het hom opgepas. Dis nou 'n hoërisikogevangene as daar ooit een was.

In vers 7 lees ons dat daar in die nag voordat hy voor Herodes sou verskyn, 'n engel in sy sel verskyn. Hierdie verskyning het 'n geweldige lig in die sel veroorsaak. En dan lees ons iets baie interessant: "Die engel vat toe aan Petrus se sy om hom wakker te maak en sê vir hom: "Staan gou op". Hoor jy dit? Daar verskyn 'n engel in Petrus se sel wat die hele plek verlig, maar Petrus slaap die slaap van die dooies. So diep dat die engel hom moes wakker skud. Onthou, Petrus het geweet, dalk selfs gesien dat Jakobus doodgemaak word. En dis duidelik dat Herodes dieselfde met hom wou doen. En Petrus slaap die aand voor sy verhoor soos 'n babatjie. Dis die enigste plek in die Skrif waar ons lees dat 'n engel aan iemand verskyn en aan hom moes raak om hom wakker te maak.

Hieruit sien ons twee dinge: Eerstens dat ons heeltemal verkeerd was in ons aanname. Petrus het, as apostel, baie bekommernisse gehad. Hy sou tien teen een die volgende dag tereggestel geword het. Tweedens: Hoe kry hy dit dan reg om soos 'n babatjie te slaap die aand voor sy verhoor? "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle". Petrus het die geheim geken van 'n vreedsame lewe. Nie 'n maklike lewe nie, maar een waarin hy oor niks bekommerd was nie, maar God in alles vertrou het.

Sover my kennis strek, het God nog niemand teleurgestel nie. En Hy gaan ook nie begin om dit te doen nie. Kom ons vertrou God vir die dinge wat ons nodig het. Hy weet goed wat dit is. Ons moet deur die geloof hierdie vertroue op Hom plaas en daarna rustig gaan slaap. En dan wag ons met opgewondenheid om te sien hoe God die situasie gaan uitsorteer. **N**






VANDAG IN DIE
VERLEDE

Albe Grobbelaar



*Sir Percy Fitzpatrick*



*Ds. Andrew Murray (Sr.)*



*Peter Sellers*

Sir Percy Fitzpatrick, skrywer, politikus en mynboufinansier is op 24 Julie 1862 in King Williamstown gebore. Sy bekendste werk was *Jock of the Bushveld* wat in 1907 verskyn het. Die boek is in Afrikaans, Nederlands, Frans, Xhosa en Zoeloe vertaal. As politikus het Fitzpatrick Britse imperiale belange voor en tydens die Anglo-Boereoorlog verdedig.

Ds. Andrew Murray (Sr.) is op 24 Julie 1866 op Graaff-Reinet oorlede. Hy was een van die eerste Skotse predikante wat deur lord Charles Somerset na Suid-Afrika laat kom is om die tekort aan predikante te verlig en om lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te help verengels. Ds. Murray was die vader van vyf seuns wat almal predikante geword het.

Die verhoor van die Hollands gebore danseres Mata Hari, waarskynlik die berugste vroulike spioen sedert die dae van Delila in die Bybel, het op 24 Julie 1917 in Parys begin. Sy is daarvan beskuldig dat sy vir Duitsland gespioeneer het. Haar "verhoor" het net 'n dag geduur. Sy is skuldig bevind en het drie maande later voor 'n Franse vuurpeloton gesterf.

Ons herdenk ook die sterfdag op 24 Julie 1980 van die skreeusnaakse Engelse akteur Peter Sellers. Hy het bekend geword in die BBC se komediereeks *The Goon Show* waarna verskeie silwerdoekrolle gevolg het, onder andere as inspekteur Clouseau in die *The Pink Panther*-rolprente. **N**

# PEPSICO (NASDAQ - PEP)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**

**Pepsico** is die wêreldbekende koeldrankvervaardiger. Hul produk is wêreldwyd beskikbaar. Let daarop dat die aandeel in Amerikaanse dollar verhandel.

**Kernbevinding**

Die dalendekanaalformasie (moontlik positief) hou beleggers sku. Wat is 'n dalende kanaal? 'n Dalende kanaal vorm wanneer die prys oor tyd tussen twee afwaartse lopende lyne na onder beweeg: Die boonste lyn wys waar verkopers die prys telkens afdruk, en die onderste lyn wys waar kopers dit keer om verder te daal; eenvoudig gestel beteken dit die mark beweeg stadig af in 'n netjiese "afwaartse tendens", en eers wanneer die prys bo die boonste lyn breek, kan dit aandui dat die afwaartse tendens besig is om te eindig.

Die stogastiese indikator is oorverkoop, wat dalk 'n herstellopie kan inlui. Wat is 'n stogastiese indikator? Dit is 'n eenvoudige hulpmiddel wat wys hoe vinnig en hoe ver 'n instrument/aandeel se prys oor 'n kort tydperk beweeg het, en dit help die tegniese belegger wanneer die prys dalk te vinnig gestyg het (oorkoop) of te vinnig gedaal het (oorverkoop). In gewone taal is dit soos 'n warm of koud-meter vir prysbewegings — "hoog" beteken die prys het te vinnig en te veel gestyg en "laag" beteken dit het te vinnig en te ver gedaal.

Die sprong in volume is opvallend – die kopers van die aandele sal eers gelukkig wees bo 143,82.

Bo lyn A (143,22) kan die dalendekanaalformasie na bo breek, en as die momentum die oorhand kry na bo, kan die aandeel dalk mettertyd 157,35 bereik.

Die 50-dag-bewegende gemiddeld (143,30) is een van die beste mediumtermyn-sentimentsmeters. Onder die gemiddeld is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddeld is beleggers optimisties oor die vooruitsigte. Let daarop dat lyn A en die 50-dag- bewegende gemiddeld naby mekaar beweeg. Dit bevestig die belangrikheid van die plek op die grafiek.

Onder 133,95 kan die aandeel laer daal en die positiwiteit van die tafel vee. Die moontlike teikens na onder is: 133,45; 132,77; 132,43; 132,17; 131,88; 131,40; 131,00; 130,65; 130,11; 129,76; 129,43; 129,08 en 128,76.

Ignoreer die aandeel onder 133,95.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (143,22) slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik 136,40 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: 143,34; 143,77; 144,00; 144,30; 144,78; 145,08; 145,54; 145,89; 146,34; 146,90; 147,65; 148,30; 148,63; 149,18; 149,78; 150,54; 151,20; 152,15; 153,24; 154,45; 155,00; 155,88; 156,43; 157,35; 158,19; 158,90 en 159,72.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as spekulante, maar hou by hulle keerverlies. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – 143,30) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**

Indien die aandeel kopers lok bo lyn A, kan die aandeel dalk na: 143,34; 143,77; 144,00; 144,30; 144,78; 145,08; 145,54; 145,89; 146,34; 146,90; 147,65; 148,30; 148,63; 149,18; 149,78; 150,54; 151,20; 152,15; 153,24; 154,45; 155,00; 155,88; 156,43; 157,35; 158,19; 158,90 en 159,72 nie 'n onmoontlike teiken nie.

**Opsomming**

Koop of gaan lank bo 143,22, maar gebruik 136,40 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*

SOLIDARITEIT

# WERKSGIDS

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

## Bou & Ambagte

**FINISHING FOREMAN – LUXURY RESIDENTIAL PROJECTS – NIGERIA** - Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluit: 2026-07-30

**Ketelmaker (Boilermaker)** - Bophyld Steel & Engineering | Springs | Sluit: 2026-07-31

## Finansiële Dienste

**AUDIT PRACTICE ASSISTANT** – FLUENT IN AFRIKAANS | OWN VEHICLE ESSENTIAL- Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluit: 2026-07-30

**Senior Boekhouer** - Massyns Accountants (Pty) Ltd | Lynnwood, Pretoria | Sluit: 2026-07-30

**Rekenmeester** - HR Management & Support Services (Pty) Ltd | Prince Alfred Hamlet | Sluit: 2026-07-31

**Finansiële Bestuurder** - HR Management & Support Services (Pty) Ltd | Rustenburg | Sluit: 2026-07-31

**Junior/Senior Klerk** - Add It Up Accounting Inc | Bethal | Sluit: 2026-07-31

**Debiteureklerk** - Green Marble Recruitment Consultants | Centurion | Sluit: 2026-07-31

## Gasvryheid, Toerisme en vermaak

**Restaurant Bestuurder** - Vovo Telo | Lynnwood, Pretoria | Sluit: 2026-07-31

**KELNERIN GESOEK** - Bravo Pizzeria | Hatfield, Pretoria | Sluit: 2026-07-31

**PIZZASJEF GESOEK** - Bravo Pizzeria | Hatfield, Pretoria | Sluit: 2026-07-31

## Gesondheidsorg & Maatskaplike Dienste

**Dental Assistant** (HPCSA registered)- The Recruitment Guy | Newcastle | Sluit: 2026-07-29

## Inligting, Kommunikasie & Media

**IT Intern** - Siyakhanda International Trade Concepts Pty | Centurion | Sluit: 2026-07-31

## Onderwys & Opleiding

**Studentelewe Beampte** - Bo-Karoo Opleiding | Orania | Sluit: 2026-07-26

**Bestuurderes en Inwonende Hoof** - Eikenhof trust | Stellenbosch | Sluit: 2026-07-27

**Adjunekhoof grondslagfase / Deputy Head Foundation phase** - Midstream College Privaat Laerskool | Centurion | Sluit: 2026-07-29

## Openbare Administrasie, Veiligheid & Verdediging

**Reaksiebeampte** - Lezmin2863 | Marble Hall | Sluit: 2026-07-31

## Professionele, Besigheids, Gemeenskap & Tegniese Dienste

**Aktevervaardiger** - Cora O Neil Recruitment Agency | Hoedspruit | Sluit: 2026-07-25

**Senior Foreclosures Secretary** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria (Wapadrand, Pretoria East) | Sluit: 2026-07-25

**JUNIOR ADMIN ASSISTANT** – MANUFACTURING INDUSTRY- Placement Dynamics |Moreleta Park | Sluit: 2026-07-30

**Kandidaat Prokureur** - Zeederberg Advisory Services Pty Ltd | Pretoria | Sluit: 2026-07-30

**Administratiewe Bestuurder** - WDAS Technologies (Pty) Ltd | Wapadrand Security Village, Pretoria | Sluit: 2026-07-31

**Rostering Officer** - Sult Group | Pretoria | Sluit: 2026-07-31

## Vervaardiging

**General Worker** - Rand Plastics | Cleveland, Johannesburg | Sluit: 2026-07-30

**Injection Moulding Shift Supervisor** R90 – R110-00 P/H Neg. + Shift All. Wadeville PERM- Dandelion Recruitment Consultancy | Wadeville, Germiston | Sluit: 2026-07-31

**Senior Produksie Bestuurder** - Bind-X Africa (Pty) Ltd | Samrand Business Park, Centurion | Sluit: 2026-07-31

## Vervoer, Logistiek & Lugvaart

**Operasionele- en Logistieke Bestuurder** - HR Management & Support Services (Pty) Ltd | Ceres | Sluit: 2026-07-27

## Verkope, Komersiel en handel

**Verkope & Werkswinkel assistent** - Rent-A-Bike | Muldersdrift | Sluit: 2026-07-25

**NEW BUSINESS DEVELOPER** - Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluit: 2026-07-30

**INTERNAL SALES REPRESENTATIVE** - Placement Dynamics |Moreleta Park | Sluit: 2026-07-30

**VERKOPE BESTUURDER** - MONITOR NET | Centurion | Sluit: 2026-07-31

**Verkoops persoon** - Vellie Boutique | Boksburg North, Boksburg | Sluit: 2026-07-31

## Internskappe

**Food & Beverage Internship/Internskap** - African Alliance | Gauteng (Eswatini) | Sluit: 2026-07-31

**Bestuursinternskap** (Bestuurder in Opleiding)- JAV Trading (Pty) Ltd | Epping Industria 2, Cape Town | Sluit: 2026-07-31



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Atlete mik hoog by die Statebondspele

Die organisasie Team South Africa het 112 atlete wat aan tien sportsoorte deelneem na die 2026 Statebondspele in Glasgow in Skotland gestuur. Die Statebondspele het gister begin. Die span hoop om die sukses van die 2014-spele in dieselfde stad te herhaal, waar Suid-Afrika 40 medaljes verower het, waarvan 13 goud was.

Die wêreldswemkampioen Pieter Coetzé is 'n sterk aanspraakmaker op goud in die 50 m-, 100 m- en 200 m-rugslag, terwyl die veteraan Chad le Clos aan sy sesde Statebondspele gaan deelneem. Die verdedigende Statebondkampioen in die borsslagitem, Lara van Niekerk, sal ook saam met Kaylene Corbett, Rebecca Meder en Erin Gallagher vir medaljes mik.

In atletiek sal alle oë op Sinesipho Dambile wees, wat vanjaar 'n indrukwekkende 19,74 sekondes in die 200 m gehardloop het. Zakithi Nene, wat vanjaar die 400 m in 43,89 sekondes voltooi het, sal ook deelneem. Nene vorm ook deel van Suid-Afrika se gemengde 4x400 m-aflositem.

Nog atlete om dop te hou, sluit in Prudence Sekgodiso in die vroue-800 m en die spiesgooiers Douw Smit en Jo-Ane du Plessis, wat 'n silwermedalje tydens die 2024 Olimpiese Spele gewen het. Ervare atlete soos Marione Fourie, Tshepo Tshite, Lythe Pillay, Gift Leotlela, Bradley Nkoana en Akani Simbine versterk verder die atletiekspan.

Op die netbalbaan hoop die Spar Proteas intussen om vir die eerste keer 'n medalje by die Statebondspele te verower.

'n Sterk groep paralimpiese atlete sal Suid-Afrika in sportsoorte soos atletiek, swem, rolbal en rolstoelbasketbal verteenwoordig. S






# Hokkie altyd laaste in die geldry

Die minister van Sport, Kuns en Kultuur, Gayton McKenzie, het R3 miljoen se finansiële ondersteuning goedgekeur om te help dat Suid-Afrika se mans- en vrouehokkiespanne genoeg fondse het om aan die 2026 FIH Wêreldbeker deel te neem. Dié toernooi word volgende maand in België en Nederland aangebied.

McKenzie se besluit volg op berigte dat die SA Hokkievereniging 'n tekort van sowat R3 miljoen gehad het en dat spelers moontlik self 'n groot deel van die koste vir vlugte, verblyf, visums en toernooigelde sou moes betaal.

McKenzie sê dit is onaanvaarbaar dat spelers wat jare opgeoffer het om Suid-Afrika op die wêreldverhoog te verteenwoordig, self vir hul deelname moet betaal. Hy beklemtoon dat dit 'n nasionale eer en verantwoordelikheid is om die land te verteenwoordig en nie 'n persoonlike finansiële las behoort te wees nie.

Die departement sal die geld beskikbaar stel sodra 'n formele befondsingsooreenkoms afgehandel is. SA Hokkie moet gevolglik ook 'n volledige verslag indien oor hoe die finansiële tekort ontstaan het, rekenskap gee van hoe die geld bestee word en 'n finansiële herstelplan voorlê om die organisasie se finansiële volhoubaarheid te verbeter.




FIH
HOCKEY WORLD CUP
BELGIUM & NETHERLANDS
2026




Die minister het beklemtoon dat die finansiële hulp in nasionale belang toegestaan word om die deelname aan dié spesifieke toernooi te verseker. Dit beteken nie dat die regering voortaan outomaties verantwoordelik sal wees vir finansiële tekorte by nasionale sportfederasies nie.

Suid-Afrika se mans- en vrouespanne, wat albei tans Afrikakampioene is, sal van 14 tot 30 Augustus om die Wêreldbeker meeding. **S**





# ROLBALDAG

**Datum: 7 Oktober 2026**
**Plek: Wingate Park Country Club**

*Skryf jou span vandag in!*

## Span van 4 spelers
## R4 000 per span
## Kos vir die dag ingesluit

Verwag hope vermaak, groot pret, lekker pryse en 'n onvergeetlike dag saam met vriende, kollegas en Pretoria FM-luisteraars.

Elke inskrywing help om die belangrike werk van liefdadigheid te ondersteun en 'n verskil te maak.

Luisteraars word uitgenooi om hul spanne nou in te skryf!

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans

# Springbokke bevestig oorheersing van internasionale rugby

Die Springbok-afrigter, dr. Rassie Erasmus, het 'n strategiese plan aangekondig vir die volgende fase van die internasionale seisoen. 'n Groep van 43 spelers sal Sondag in Johannesburg bymekaarkom om voor te berei vir die toets teen Argentinië in Buenos Aires op 8 Augustus, asook die komende Greatest Rivalry-toer teen die All Blacks.

Tien ervare Springbokke keer ook terug nadat hulle weens beserings nie beskikbaar was nie. Dit sluit in Eben Etzebeth, Lood de Jager, Franco Mostert, Siya Kolisi, Sacha Feinberg-Mngomezulu, Handre Pollard, Canan Moodie en André Esterhuizen in.

Ntuthuko Mchunu, Evan Roos, André-Hugo Venter, Embrose Papier en Jaco Williams sal intussen aan hul franchises beskikbaar gestel word om moontlik teen die All Blacks in die Rugby's Greatest Rivalry-reeks te speel.

Erasmus het gewaarsku dat Argentinië 'n moeilike teenstander sal wees, en toeskouers herinner dat die Pumas die Springbokke in 2024 in Argentinië geklop het. Die Argentyne het onlangs ook sterk vertonings teen ander topspanne gelewer. Volgens Erasmus sal hy daarom 'n sterk span na Buenos Aires neem.

Daarna wag die Greatest Rivalry-toer teen die All Blacks, met toetse in Johannesburg op 22 Augustus, Kaapstad op 29 Augustus, Johannesburg op 5 September en Baltimore in die VSA op 12 September.



**Springbokgroep van 43 spelers:**

**Voorspelers:**

Thomas du Toit, Wilco Louw, Ox Nche, Zachary Porthen, Carlu Sadie, Gerhard Steenekamp, Boan Venter, Johan Grobbelaar, Malcolm Marx, Lood de Jager, Eben Etzebeth, Ruan Nortje, Paul de Villiers, Ben-Jason Dixon, Cameron Hanekom, Siya Kolisi, Elrigh Louw, Jasper Wiese, Pieter-Steph du Toit, Franco Mostert, Vincent Tshituka, Marco van Staden, Jan-Hendrik Wessels en Cobus Wiese.

**Agterspelers:**

Herschel Jantjies, Cobus Reinach, Morne van den Berg, Grant Williams, Manie Libbok, Sacha Feinberg-Mngomezulu, Vusi Moyo, Handre Pollard, Damian de Allende, Andre Esterhuizen, Jesse Kriel, Kurt-Lee Arendse, Aphelele Fassi, Ethan Hooker, Quan Horn, Cheslin Kolbe, Canan Moodie, Edwill van der Merwe en Damian Willemse.



# Son sak oor Spaanse sokkerskouspel



Spanje het die 2026 FIFA Wêreld-bekertoernooi gewen nadat hulle in bykomende speeltyd vir Argentinië met 1-0 in die New York New Jersey-stadion, voor 80 000 toeskouers geklop het.

Ferran Torres, wat as plaasvervanger op die veld gestuur is, het in die 106de minuut die wendoel aangeteken.

Dit is Spanje se tweede Wêreldbekertitel, nadat hulle is 2010 die beker omhoog gehou het. **S**

# DDP kraai weer koning




Dricus du Plessis het verlede naweek ná byna 'n jaar se afwesigheid na die UFC-agthoek teruggekeer met 'n oorwinning oor die Nigeriese voormalige kampioen Kamaru Usman in Oklahoma City.

Die beoordelaars het die geveg 50-45, 49-46 en 49-46 eenparig in Du Plessis se guns beslis. Die 32-jarige Suid-Afrikaner verbeter sy rekord na 24 oorwinnings en drie nederlae.

Du Plessis het ná die geveg gesê hy moes na die arena terugkeer omdat daar baie Suid-Afrikaanse kinders is wat na hom opsien en dat sy loopbaan daarom groter as net hyself is.

Usman, 'n voormalige UFC-weltergewigkampioen, het nou vier van sy laaste vyf gevegte verloor. **S**

# Baba-Bokke volg in seniors se spore

Die Junior Springbokke het verlede naweek Frankryk se o. 20-span met 16-5 in die eindstryd van die Wêreldrugby-o.20-kampioenskap in Tbilisi verslaan en sodoende hul wêreldtitel suksesvol verdedig.

Die wedstryd is weens slegte weer met 45 minute vertraag, maar Suid-Afrika het ondanks die nat toestande beheer van die kragmeting geneem. Yaqeen Ahmed het in die eerste helfte met twee strafdoele geslaag wat vir die Bokke teen rustyd 'n voorsprong van 6-0 gegee het.

Frankryk het vroeg in die tweede helfte 'n onverdoelde drie aangeteken. Die senter Markus Muller het in die 67ste minuut die Suid-Afrikaanse se voorsprong vergroot, waarna Ahmed met die doelskop geslaag het.

Ahmed het in die laaste oomblikke nog 'n strafdoel oorgeskop om die 16-5-oorwinning te beklink.

Die Baba-Bokke is nou die eerste Suid-Afrikaanse o. 20-span ooit om die Junior Wêreldkampioenskap twee jaar agtereenvolgens te wen. Hulle volg daarmee in die voetspore van die Springbokke, wat die Rugbywêreldbeker in 2019 en 2023 agtereenvolgens gewen het.

Dié titel sluit 'n uitstekende seisoen af vir die Junior Bokke, wat vroeër vanjaar ook die o. 20-Rugbykampioenskap gewen het.



# 2026 Curriebeker skop af



Die eerste rondte van die 2026 Carling Curriebeker se Premierafdeling het vier uiters mededingende wedstryde opgelewer.

Die Hollywoodbets Sharks XV het die aksie Vrydagaand ingelui deur die Airlink Pumas met 26-24 te klop. Lyle Matthews het in sy debuutwedstryd in die eerste helfte 'n 'n driekuns behaal. Die Sharks het rustyd met 19-5 voorgeloop, maar die Pumas het sterk teruggeveg en het vier drieë gedruk.

Later die aand het die DHL Stormers in Kaapstad die verdedigende kampioen, die Suzuki Griekwas met 25-19 geklop. Die Stormers was teen rustyd met 8-12 agter, maar het in die tweede helfte terugbaklei om die oorwinning te beklink.

Sondagmiddag het die Toyota Cheetahs die Fidelity ADT Lions in Bloemfontein met 29-27 geklop. Die tuisspan het teen rustyd met 16-13 voorgeloop. 'n Laat strafdoel deur Jaco van der Walt het die Cheetahs se oorwinning verseker.

Die ronde is Sondagmiddag in Wellington afgesluit waar die Sanlam Boland Kavaliers die Vodacom Bulls met 24-10 geklop het. Boland het van vroeg af beheer geneem en teen rustyd met 14-3 voorgeloop. Die Bulls het teruggeveg, maar 'n strafdrie in die 74ste minuut het die Kavaliers se oorwinning beklink.

Die Cheetahs en Sharks XV beklee tans die eerste en tweede plek op die punteleer met vyf punte elk, gevolg deur Boland en die Stormers met vier punte elk. Die Lions (2) en Pumas (2) is in die vyfde en sesde plek, met die Griekwas (1) en die Vodacom Bulls (0) heel onder aan die punteleer. **S**




## Curriebekerbepalings:

**VRYDAG 24 JULIE**

**17:00** Toyota Cheetahs XV teen Hollywoodbets Sharks XV

**SATERDAG 25 JULIE**

**15:00** Fidelity ADT Lions teen Airlink Pumas

**17:05** Suzuki Griekwas teen Vodacom Bulls

**SONDAG 25 JULIE**

**15:00** Sanlam Boland Kavaliers teen DHL Stormers

